

17 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-25

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:21

Wêreldse wysheid deug nie

Daar is niemand slimmer as die mens wat hom nie deur God wil laat leer nie. Satan, die oerargitek van die leuen, vang daagliks al meer mense met die paradysleuen. Hy wil jou wysmaak dat God jou bedrieg. Jy weet mos van beter! Gebruik net jou verstand en maak die som ... Dit kan mos nie waar wees dat iemand wat gesterf het, uit die dood opgestaan het nie! Waar het jy gehoor van 'n maagdelike geboorte (in die tyd van Christus)? Hoe kan 'n mens glo dat iemand teen swaartekrag in na die hemel kan opstyg? So vorm al hoe meer slimmes 'n koor in die dagpers. Sommige noem hulle deel van die Nuwe Hervorming. Selfs geleerdes verklaar dat hulle na vele jare se omgaan met die Christelike geloof nie meer die Bybelse waarheid rondom Jesus Christus kan aanvaar nie. Daar is net te veel dinge wat nie verstandelik beredeneer kan word nie.

Hierdie verskynsel is niks nuuts nie. Die tendens om meer waarde aan menslike wysheid as die wysheid van die evangelie te heg, het reeds in die tyd van die Korintiërs hoogty gevier. Daarom skryf die Heilige Gees aan hulle deur Paulus (vers 18-19): "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. Daar staan tog geskrywe: 'Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak.'" Wat 'n dwaasheid om die almagtige, alwetende, alomteenwoordige God se wysheid met die menslike verstand te wil verifieer!

Jesus Christus is aan die Woord: "Wie nie soos 'n kind glo nie – sal die koninkryk van God nie binnegaan nie." Wil jy deel hê aan God se krag? Glo wat die Gees jou in die Bybel leer oor Christus en moenie slimmer as God probeer wees nie.

Dr PJ Vermeulen (Witbank)